

# Die Evangelie volgens Markus

Geloof in Aksie
Nederduitsch Hervormde Kerk
RANDBURG

## Hoofstuk 4

### Die gelykenis van die saaier
### (Matt. 13:1-9; Luk. 8:4-8)

1Jesus het weer die mense langs die see begin leer. 'n Baie groot menigte het by
Hom saamgedrom, sodat Hy op die see in 'n skuit gaan sit het. Die hele menigte
was langs die see op die strand. 2Hy het hulle baie deur gelykenisse geleer. So het
Hy onder andere gesê terwyl Hy hulle leer:
3“Luister hier! 'n Saaier het eendag gaan saai. 4Met die saai het 'n deel van die saad
op die pad geval, en die voëls het gekom en dit opgepik. 5'n Ander deel daarvan het
op 'n klipbank geval, waar daar nie baie grond was nie. Dit het gou opgekom, omdat
die grond nie diep was nie. 6Maar toe die son warm word, is dit verskroei, en omdat
dit nie wortel geskiet het nie, het dit verdroog. 7'n Ander deel het tussen die onkruid
geval. Die onkruid het opgekom en dit laat verstik, en dit het nie saad geskiet nie.
8Die ander saad het in goeie grond geval, en dit het opgekom, gegroei en 'n oes
gelewer. Party het dertigvoudig gedra, ander sestig- en nog ander honderdvoudig.”
9Verder het Hy gesê: “Wie ore het en kan hoor, moet luister!”

### Die doel met die gelykenisse
### (Matt. 13:10-17; Luk. 8:9-10)

10Toe hulle alleen was, het die mense wat saam met die twaalf by Hom was, Hom
oor die gelykenisse uitgevra, 11en Hy het vir hulle gesê: “Aan julle is die insig in die
geheim van die koninkryk van God gegee; maar vir dié wat daarbuite is, bly alles net
by gelykenisse, 12sodat
“hulle kyk en kyk en tog nie sien nie,
en hoor en hoor en tog nie verstaan nie,

dat hulle hulle nie miskien bekeer en vergewe word nie.”

### Jesus verklaar die gelykenis van die saaier
### (Matt. 13:18-23; Luk. 8:11-15)

13Hy sê toe vir hulle: “Julle begryp nie eens hierdie gelykenis nie. Hoe sal julle dan al
die ander gelykenisse kan verstaan?
14“Die saaier saai die woord. 15Daar is mense by wie daar soos op 'n pad gesaai
word: sodra hulle die woord hoor, kom die Satan en vat die woord weg wat in hulle
gesaai is. 16Daar is mense by wie daar soos op klipbanke gesaai word: sodra hulle
die woord hoor, neem hulle dit met blydskap aan. 17Hulle laat dit egter nie in hulle
wortel skiet nie en hou nie lank uit nie. As hulle daarna ter wille van die woord
verdruk of vervolg word, word hulle gou afvallig. 18Daar is mense by wie daar soos
tussen die onkruid gesaai word. Dit is hulle wat die woord hoor, 19maar die sorge van
die lewe en die verleiding van rykdom en die begeertes na allerhande ander dinge
kom op en verstik die woord, en dit bly sonder vrug. 20Dan is daar die mense by wie
daar soos op goeie grond gesaai is, wat die woord hoor en aanvaar en vrug
voortbring, party dertig-, party sestig- en party honderdvoudig.”

### Julle moet luister
### (Matt. 13:12; Luk. 8:16-18)

21Hy het vir hulle gesê: “'n Lamp kom mos nie onder 'n emmer of onder 'n bed nie? Is
dit nie bedoel om op 'n staander gesit te word nie? 22Daar is geen geheim nie, of dit
moet openbaar gemaak word; en daar word niks geheim gehou nie, of dit moet aan
die lig kom. 23As iemand ore het en kan hoor, moet hy luister!”
24Hy het ook vir hulle gesê: “Gee aandag aan wat julle hoor! Want met die maat
waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word en daar sal vir julle nog toegevoeg
word. 25Wie het, vir hom sal daar nog meer gegee word; en wie nie het nie, van hom
sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word.”

### Die gelykenis van die saad wat vanself groei

26Verder het Hy gesê: “Met die koninkryk van God gaan dit só: Iemand saai die saad
op die land 27en gaan slaap en staan op, dag na dag, en die saad ontkiem en groei –
hóé weet hy self nie. 28Vanself bring die aarde die graan voort, eers 'n halm, dan 'n

aar, dan die vol koringaar. [29]En wanneer die graan ryp is, steek hy dadelik die sekel
in, omdat die oestyd daar is."

### Die gelykenis van die mosterdsaadjie
### (Matt. 13:31-32; Luk. 13:18-19)

[30]Hy het ook gesê: "Hoe sal ons die koninkryk van God voorstel, of met watter
gelykenis sal ons dit uitbeeld? [31]Dit is soos 'n mosterdsaadjie. Wanneer dit in die
land geplant word, is dit die kleinste van al die soorte saad daar in die land. [32]Maar
as dit eenmaal geplant is, kom dit op en word dit groter as al die tuinplante. Dit kry
sulke groot takke dat die voëls in sy skaduwee kom nes maak."

### Die gebruik van gelykenisse
### (Matt. 13:34-35)

[33]Deur baie sulke gelykenisse het Jesus met die mense oor sy boodskap gepraat, vir
sover hulle dit kon verstaan. [34]Sonder 'n gelykenis het Hy nie met hulle gepraat nie,
maar wanneer Hy met sy dissipels alleen was, het Hy vir hulle alles uitgelê.

### Jesus maak die storm stil
### (Matt. 8:23-27; Luk. 8:22-25)

[35]Laat daardie middag sê Jesus vir sy dissipels: "Kom ons vaar oorkant toe."
[36]Hulle het toe die mense wat daar was, daar laat bly en Hom saamgeneem in die
skuit waarin Hy gesit het. Daar was ook nog ander skuite by. [37]Skielik het daar 'n
groot storm losgebars, en die golwe het in die skuit geslaan, sodat die skuit al begin
vol word het. [38]Jesus het op die bank in die agterstewe gelê en slaap. Hulle maak
Hom toe wakker en sê vir Hom: "Meneer, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?"
[39]Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see: "Hou op! Bedaar!"
Die wind het gaan lê en daar het 'n groot stilte gekom. [40]Toe sê Hy vir hulle:
"Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?"
[41]Hulle is met groot ontsag vervul en het vir mekaar gesê: "Wie kan Hy tog wees dat
selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?"

## Kommentaar volgens Bybel in Praktyk

### 4:2

Die meeste gelykenisse en dus ook hierdie gelykenis van die saaier, bevat 'n kern waarheid en ons moet altyd daarteen waak om nie iets anders as Jesus se bedoeling in die gelykenis te wil "inlees" nie. Nie elke element van die gelykenis moet toegepas word nie. Ons moet soek na die sentrale waarheid wat Jesus met behulp van beeldspraak probeer verduidelik.

### 4:3

Die saad is in daardie tyd met die hand gesaai. Boere het groot skouersakke gedra en dan handevol saad oor die lande gestrooi. Dit beteken dat die gesaaides nie in netjiese rye opgekom het nie. Daar het altyd van die saad langs die pad of in die voetpaaie tussen die lande of tussen die klippe geval, hoe versigtig die boer ook al te werk gegaan het. Die wind het ook dikwels van die saad weggewaai. Die boere het egter genoeg gesaai om 'n goeie oes te verseker. Van die saad val in die voetpaaie en die voëls pik dit op. Ander val op die kalkbanke wat 'n dun lagie grond oor gehad het waarin die saadjie net kon ontkiem.

### 4:9

Sommige van die mense wat na Jesus geluister het, het net gewag om dinge te hoor wat hulle teen Hom kon gebruik. Ander het geluister omdat hulle waarlik by Hom wou leer. Jesus se woorde was vir hulle bedoel.

### 4:11-12

Party mense verstaan nie God se waarheid nie. omdat hulle nie die nodige insig daarvoor ontvang het nie. Die geheim van die koninkryk is juis die verstaan van die koms en werk van Jesus Christus. Vir diegene wat dié geheim nie verstaan nie, bly die gelykenis ‘n geheim. Die sleutel tot verstaan is dus geloof in Jesus as die gestuurde Seun van God. Dit hang ten nouste saam met God se verkiesing.

### 4:14-20

Jesus pas self die gelykenis van die saaier toe. Die vier soorte grond word toegepas op die vier verskillende maniere waarop mense op die Woord van God reageer. Ons neem gewoonlik aan dat Jesus hier van vier verskillende reaksies by mense praat.

Verskeie toepassings van hierdie reaksies is moontlik. S6 kan jy byvoorbeeld gewillig wees om na God se Woord te luister sover dit jou toekoms aan betref, maar nié wat jou geldsake betref nie. Dan is 'n mens soos die goeie grond ten opsigte van aanbidding, maar soos die klippe as dit kom by hulp aan behoeftiges. Ons moet altyd daarna streef om in alle opsigte soos die goeie grond te reageer.

### 4:21

'n Lamp wat nie lig maak sodat 'n mens kan sien nie, beteken niks. Die bed is nie net gebruik om op te slaap nie, maar ook om op te sit en te eet. Die klei lamp met sy olie en pit is toegepas op die Here Jesus self. Die lig van die koninkryk van God kan nie weggesteek word nie. Dit moet helder skyn. Jesus het die lig van God se heerskappy laat deurbreek en dit kan nie weer verberg word nie (Joh. 1:7-10).

### 4:21-24

Die lig van Jesus se waarheid is nie vir ons verborge nie, maar word aan ons geopenbaar. Dit mag egter gebeur dat ons nie op die oomblik in staat is om die volle waarheid te sien of te benut nie. Die waarheid is baie duidelik en klinkklaar, maar ons het nie die vermoë om dit volkome te verstaan nie. As ons egter aan God gehoorsaam is, sal Hy ons insig en begrip laat verdiep en uitbrei (Jak 1:22-25).

### 4:25

Hierdie woorde beteken maar net dat ons die dinge wat ons ontvang hét, goed en op 'n verantwoordelike wyse moet gebruik. Dit is nie belangrik hoeveel 'n mens het nie. Wat wél belangrik is, is hoé jy dit gebruik. Om die woorde van Jesus oor die koninkryk met groot gretigheid te aanvaar, beteken dat God ook 'n groot maat van sy koninkryk sal gee.

### 4:26-29

Hierdie gelykenis oor die koninkryk van God kom slegs in Markus voor. Die betekenis daarvan is dat Jesus die koninkryk van God gebring het en dat dit self groeiend ontwikkel tot op die oordeelsdag wanneer die oes kom. Die koninkryk is so dinamies soos 'n plant wat self groei en waarvan die groei nie gekeer kan word nie.

### 4:30-32

Die gelykenis oor die mosterdsaadjie verduidelik die ontwikkeling van die koninkryk vanaf 'n klein en onaansienlike begin tot sy volgroeide staat. Die mosterdsaadjie is baie klein maar die boom word meer as drie meter hoog. Dit bied in sy skaduwee plek aan mense van enige oorsprong.

### 4:33-34

Jesus verduidelik deur sy gelykenisse dat die koninkryk van God gekom het maar dat dit nog moet vrug dra. Jesus kan nie reguit met die mense hieroor gesels nie, omdat hulle begripsvermoë beperk was. Hy bou 'n raamwerk waarbinne die mense later volledig sal verstaan. Die dissipels verstaan al ietwat meer, daarom wy Jesus die res van die tyd daaraan om hulle te leer.

### 4:37-38

Die See van Galilea (18km lank, 9km breed) is sowat 210 meter onder seevlak geleë en daar is koppe en heuwels reg rondom die meer wat skielike wind tregters kan veroorsaak. Die winde wat van die land af kom. word al hoe sterker, hoe nader hutte aan die meer kom. Dit veroorsaak skielike en hewige storms. Die dissipels was egter ervare vissers wat die meer goed geken het, maar hierdie storm was s6 hewig dat selfs hulle paniekerig geword het.

### 4:38-40

Die dissipels was bang dat die storm hulle sou vernietig, en vir hulle het dit gelyk asof Jesus nie eers omgee of Hom daar aan steur nie. Jesus maak die storm stil en praat met die dissipels daaroor dat hulle nie op God vertrou het nie. Eers was hulle doodbang nou het hulle groot ontsag vir Jesus. Hulle verstaan nog nie dat hulle hier met God te make het nie. Nie net die bose geeste is aan Jesus onderworpe nie, maar ook die see en wind.

### 4:41

Die dissipels het saam met Jesus geleef, en tog het hulle Hom nog steeds onderskat. Hulle het nie besef dat sy almag ook in alle krisis omstandighede redding kon bring nie. Hulle moes nog 'n lang pad loop om Jesus regtig te verstaan en te vertrou.